

13 September

Skrifgedeelte: Romeine 14:1 – 15:13 (OAV)

Fokusgedeeltes: Romeine 14:17-19; 15:7

Neem mekaar aan soos Christus

Hoe hanteer jy 'n verskilpunt met 'n medegelowige? Is jy 'n elmboog wat ander uit die pad stamp met jou argument en standpunte? “Ek is reg, jy is verkeerd. Basta!” Of is jy 'n skouer wat saamdra aan 'n ander se laste? Is jy 'n breker of bouer van die Koninkryk van God?

Romeine 14 en 15 vertel dat daar verskilpunte tussen die nie-Joodse Christene (die sogenaamde sterkes in die geloof) en die Joodse Christene (die swakkes) oor eetgewoontes en feesdae was. Die Here se Woord sê vir ons dat wanneer daar verskilpunte tussen gelowiges is, moet ons op so 'n manier met mekaar debatteer dat ons mekaar nie wegstoot nie, maar juis nadertrek. Die gevolge van 'n selfsugtige veroordeling is dat die saak van Christus skade ly en dat 'n skewe beeld van die evangelie geskep word (14:16, 20).

Onthou: dit gaan nie om jóú koninkryk nie, maar om God s'n! Niemand leef of sterf vir homself nie, maar ons leef of sterf tot eer van die Here. “Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here” (14:8). Dit is waarvoor Christus aarde toe gekom het. Dit gaan oor die koninkryk van God. En dít handel oor “geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees” (14:17). “Geregtigheid” is dat die straf op die sonde betaal is; versoening gedoen is. “Vrede” is dat die vyandskap tussen God en die sondige mens opgehef is. “Blydschap” is vreugde wat deur die Heilige Gees weer in ons harte kom.

Daarom moet die sterkes die swakkes liever dra deur sy skouer onder die swakke in te stoot (15:1). Dít dien tot opbou! Christus het nie aan Homself gedink toe Hy ons met God versoen het nie. Daarom moet ons ook mekaar aanneem, soos Christus ons aangeneem het (15:7).

Hoe moet ons mekaar dra en aanneem? Ooreenkomstig die wil van Christus (15:5), tot heerlijkheid van God (15:7). Dán kom ons by die einddoel van Gods Koninkryk uit, naamlik dat alle volke God sal prys (15:9-13)!

Sing: Psalm 149:1, 2 (1936)

Ds AH Stavast (Kroonstad)